



RAAD OP REKENINGKUNDIGE STANDAARDE

STANDAARD VAN ALGEMEEN ERKENDE

REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

WAARDEDALING VAN

NIEKONTANTGENERERENDE BATES

(AERP 21)

Erkenning

Hierdie Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) berus hoofsaaklik op die International Public Sector Accounting Standard (IPSAS) oor *Impairment of Non-Cash-Generating Assets* wat deur die Federation of Accountants se International Public Sector Accounting Standards Board (IPSASB) uitgegee is. Die International Federation of Accountants (IFAC) is in 1977 gestig met die missie om die professie deur geharmonieerde standaarde te ontwikkel en te verbeter. IPSASB het 'n omvattende korpus van IPSAS'e uitgegee, wat gebruik sal word om toekomstige Standaarde van AERP te produseer. Uittreksels uit die IPSAS oor *Impairment of Non-Cash-Generating Assets* word met die toestemming van die IPSASB in hierdie Standaard van AERP gereproduseer.

Die goedgekeurde teks van die IPSAS'e is dié wat deur die IFAC in die Engelse taal gepubliseer is. Die IPSAS'e is vervat in die IFAC se Handbook of International Public Sector Accounting Pronouncements en kan verkry word van:

International Federation of Accountants

545 Fifth Avenue, 14th Floor

New York, New York 10017 USA

Internet: <http://www.ifac.org>

Kopiereg vir IPSAS'e, konsepte vir kommentaar en ander publikasies van die IPSASB is in die IFAC gesetel en die bepalinge en voorwaardes wat daaraan verbonde is, moet nagekom word.

Raad op Rekeningkundige Standaarde

Posbus 74129

Lynnwoodrif

0040

Kopiereg ©2009 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder voorafgaande toestemming van die Raad op Rekeningkundige Standaarde in 'n stelsel vir inligtingsontsluiting bewaar of in enige vorm of op enige wyse, elektronies, meganies, deur fotokopiëring, by wyse van 'n opname of andersins gereproduseer of weergegee word nie.

Toestemming om beperkte uittreksels uit die publikasie te reproduseer sal gewoonlik nie weerhou word nie.

Inhoud

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk Waardedaling van Niekontantgenererende Bates

	Paragrawe
Inleiding	
Doelstelling	.01
Omvang	.02 - .10
Woordomsrywings	.11 - .18
Kontantgenererende bates en niekontantgenererende bates	.11 - .16
Waardevermindering	.17
Waardedaling	.18
Identifisering van 'n bate wat in waarde gedaal het	.19 - .30
Meting van die verhaalbare diensbedrag	.31 - .48
Meting van die verhaalbare diensbedrag van 'n ontasbare bate met 'n onbepaalde nutsduur	.36
Billike waarde minus koste om te verkoop	.37 - .41
Waarde in gebruik	.42
Die benadering van afgeskryfde vervangingskoste	.43 - .45
Herstelkostebenadering	.46
Dienseenhedebenering	.47
Toepassing van benaderings	.48
Erkenning en meting van 'n waardedalingsverlies	.49 - .56
Omswaaiing van 'n waardedalingsverlies	.57 - .71
Heraanwysing van bates	.72 - .73
Openbaarmaking	.74 - .81
Oorgangsbepalings	.82 - .83
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.82
Wysigings aan Standaarde van AERP	.83



AERP 21

Datum van inwerkingtrede	.84 - .85
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.84
Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas	.85
Bylae – Vloeikaart om 'n waardedalingsverlies vir niekontantgenererende bates te bepaal	
Grondslag vir gevolgtrekkings	
Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor <i>Impairment of Non-Cash-Generating Assets</i> (Februarie 2007)	

WAARDEDALING VAN NIEKONTANTGENERERENDE BATES

Hierdie Standaard is oorspronklik in Maart 2009 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) uitgegee. Sedertdien is dit deur die volgende gewysig:

- Gevolglike wysigings na die hersiening van AERP 100 *Gestaakte Bedrywighede* in 2013.
- Verbeterings aan die Standaarde van AERP wat in November 2013 deur die Raad uitgegee is.
- Met gevolglike wysigings toe die volgende Standaarde van AERP in werking getree het:
 - AERP 105 *Oordragte van Funksies tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer*
 - AERP 106 *Oordragte van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie*
 - AERP 107 *Samesmeltings*

'n Bygewerkte eksemplaar van die wysigings wat as deel van die Verbeteringsprojek (2013) aan AERP 21 aangebring is en die jongste gevolglike wysigings is op die webwerf beskikbaar.

Inleiding

Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Daar word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig (WOFB), van die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) vereis om algemeen erkende rekeningkundige praktyk genaamd Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) te bepaal.

Die Raad moet AERP bepaal vir:

- (a) departemente (met inbegrip van nasionale en provinsiale en regeringskomponente);
- (b) openbare entiteite;
- (c) handelsentiteite (soos in die WOFB omskryf);
- (d) grondwetlike instellings;
- (e) munisipaliteite en rade, kommissies, maatskappye, korporasies, fondse of ander entiteite onder die eienaarsbeheer van 'n munisipaliteit; en
- (f) die Parlement en die provinsiale wetgewers.

Die bogenoemde word in Standaarde van AERP gesamentlik “entiteite” genoem.

Die Raad het die toepassing van Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) soos op 1 April 2012, soos dit deur die Raad op Rekeningkundige

Praktyke gekodifiseer en deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters uitgegee is, goedgekeur om AERP te wees vir:

- (a) staatsakeondernemings (soos in die WOFB omskryf);
- (b) enige ander entiteit, uitgesonderd 'n munisipaliteit, waarvan die gewone aandele, potensiële gewone aandele of skuld openbaar op die kapitaalmarkte verhandelbaar is; en
- (c) entiteite onder die eienaarsbeheer van enigiens van hierdie entiteite.

Die Raad het die toepassing van die International Financial Reporting Standards (IFRSs) wat deur die International Accounting Standards Board uitgegee is, goedgekeur om vir hierdie entiteite AERP te wees waar hulle IFRS'e toepas.

Finansiële state moet beskryf word as sou dit aan Standaarde van AERP voldoen slegs indien hulle aan al die vereistes van elke toepaslike Standaard van AERP en enige verbandhoudende Vertolkings van die Standaarde van AERP voldoen.

Enige beperking op die toepaslikheid van spesifieke Standaarde of Vertolkings word in daardie Standaarde of Vertolkings van die Standaarde van AERP duidelik gemaak.

Die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates* word in paragraaf .01 tot .85 uiteengesit. Alle paragrawe in hierdie Standaard van AERP is ewe gesaghebbend. Die status en gesag van bylaes word in die aanhef tot elke bylae behandel. Hierdie Standaard moet gelees word in die konteks van die doelstellinge daarvan, die grondslag vir gevolgtrekkings, indien toepaslik, die *Voorwoord tot Standaarde van AERP*, die *Voorwoord tot die Vertolking van die Standaarde van AERP* en die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State*.

Standaarde van AERP moet ook in samehang gelees word met enige lasgewings wat deur die Raad uitgegee word waarin oorgangsbepalings voorgeskryf word, asook saam met enige regulasies wat deur die Minister van Finansies uitgereik is ten opsigte van die datums van inwerkingtrede van die Standaarde van AERP, soos in die Staatskoerant gepubliseer is.

Daar kan 'n verwysing wees na 'n Standaard van AERP wat nog nie uitgegee is op die tydstip wanneer hierdie Standaard uitgegee word nie. Dit word gedoen om te vermy om die Standaarde wat reeds uitgegee is, te verander wanneer 'n latere Standaard uitgegee word. Paragraaf .11 van die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* voorsien in die afwesigheid van uitdruklike leiding 'n grondslag vir die keuse en toepassing van rekeningkundige beleide.

Doelstelling

- .01 Die doelstelling van hierdie Standaard is om die prosedures voor te skryf wat 'n entiteit toepas om vas te stel of 'n kontantgenererende bate in waarde gedaal het en om te verseker dat waardedalingsverliese erken word. Die Standaard spesifiseer ook wanneer 'n entiteit 'n waardedalingsverlies moet omswaai en skryf openbaarmakings voor.

Omvang

- .02 *'n Entiteit wat finansiële state ooreenkomstig die toevallingsgrondslag van rekeningkunde opstel en aanbied, moet hierdie Standaard by die rekeningkundige verantwoording van waardedaling van niekontantgenererende bates toepas, met die uitsondering van:*
- (a) *voorraad (kyk die Standaard van AERP oor Voorraad);*
 - (b) *bates wat uit konstruksiekontrakte voortspruit (kyk die Standaard van AERP oor Konstruksiekontrakte);*
 - (c) *finansiële bates wat binne die omvang van die Standaard van AERP oor Finansiële Instrumente val;*
 - (d) *beleggingseiendom wat teen billike waarde gemeet word (kyk die Standaard van AERP oor Beleggingseiendom);*
 - (e) *biologiese bates wat met landboubedrywighede verband hou wat teen billike waarde minus koste van verkoop gemeet word (kyk die Standaard van AERP oor Landbou); en*
 - (f) *ander niekontantgenererende bates ten opsigte waarvan rekeningkundige vereistes vir waardedaling in 'n ander Standaard van AERP ingesluit word.*
- .03 *Entiteite wat kontantgenererende bates soos omskryf in paragraaf .10 bestuur, moet die Standaard van AERP oor Waardedaling van Kontantgenererende Bates op sulke bates toepas. Entiteite wat niekontantgenererende bates hou, moet die vereistes van hierdie Standaard op niekontantgenererende bates toepas.*
- .04 Hierdie Standaard is nie van toepassing op voorraad en niekontantgenererende bates wat uit konstruksiekontrakte voortspruit nie, omdat bestaande Standaarde van AERP wat op hierdie bates van toepassing is, vereistes vir die erkenning en meting van sodanige bates bevat (kyk die Standaarde van AERP oor Voorraad en Konstruksiekontrakte). Daarbenewens is hierdie Standaard nie van toepassing op biologiese bates wat met landboubedrywighede verband hou en wat teen billike waarde minus koste om te verkoop gemeet word nie. Die tersaaklike Standaarde van AERP wat oor sodanige bates handel, bevat metingsvereistes.

- .05 Hierdie Standaard is nie van toepassing op finansiële bates wat in die omvang van die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente* ingesluit is nie. Waardedaling van hierdie bates word in daardie Standaard hanteer.
- .06 Hierdie Standaard skryf nie die toepassing van 'n waardedalingstoets voor vir 'n beleggingseiendom wat ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Beleggingseiendom* teen billike waarde gedra word nie. Ooreenkomstig die billikewaarde-model in die Standaard van AERP oor *Beleggingseiendom* word 'n beleggingseiendom op elke verslagdoeningsdatum teen billike waarde gedra, en enige waardedaling moet in die waardasie in berekening gebring word.
- .07 Beleggings in:
- (a) beheerde entiteite, soos omskryf in die Standaard van AERP oor *Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State*;
 - (b) geassosieerdes, soos omskryf in die Standaard van AERP oor *Beleggings in Geassosieerdes*; en
 - (c) gesamentlike ondernemings, soos omskryf in die Standaard van AERP oor *Belange in Gesamentlike Ondernemings*;
- is finansiële bates wat uit die omvang van die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente* uitgesluit is. Indien sodanige beleggings as niekontantgenererende bates beskou kan word, word hulle ooreenkomstig hierdie Standaard hanteer. Indien hierdie bates kontantgenererende bates is, word hulle hanteer ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Kontantgenererende Bates*.
- .08 Hierdie Standaard is van toepassing op niekontantgenererende eiendom, aanleg en toerusting, ontasbare bates en erfenisbates wat ooreenkomstig die Standaarde van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting, Ontasbare Bates en Erfenisbates* teen herwaardeerde bedrae gedra word. Die billike waarde vir hierdie bates word nie op elke verslagdoeningsdatum vasgestel nie, maar hang van die frekwensie van veranderinge in die billike waarde van een verslagdoeningstydperk na die volgende af. Die entiteit moet derhalwe op elke verslagdoeningsdatum bepaal of daar 'n aanduiding is dat die waarde van die bate sedert die laaste herwaardasie gedaal het.
- .09 'n Oordraggewer wat 'n niekontantgenererende bate of 'n groep niekontantgenererende bates hou wat in 'n oordrag van funksies tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer afgestaan moet word (kyk die Standaard van AERP oor *Oordrag van Funksies tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer*), en kombinerende entiteite wat 'n niekontantgenererende bate of 'n groep niekontantgenererende bates hou wat in 'n samesmelting oorgedra moet word (kyk die Standaard van AERP oor *Samesmeltings*), moet die beginsels in hierdie Standaard tot op die oordrag- of samesmeltingsdatum toepas.

Woordomskrywings

- .10 Die volgende terme word in hierdie Standaard gebruik, met die gespesifiseerde betekenis:**

Kontantgenererende bates is bates wat bestuur word met die doel om 'n kommersiële opbrengs te genereer.

Vervreemdingskoste is inkrementele koste wat regstreeks aan die vervreemding van 'n bate toegeskryf kan word, buiten finansieringskoste en inkomstebelastinguitgawes.

Billike waarde minus koste om te verkoop is die bedrag verkrygbaar uit die verkoop van 'n bate in 'n armlengtetransaksie tussen kundige, gewillige partye, minus die koste van vervreemding.

'n Waardedaling is 'n verlies in die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal van 'n bate, bo en behalwe die sistematiese erkenning van die verlies van die bate se toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal deur waardevermindering.

'n Waardedalings-verlies van 'n niekontantgenererende bate is die bedrag waarmee die drabedrag van 'n bate die verhaalbare diensbedrag daarvan oorskry.

Niekontantgenererende bates is bates buiten kontantgenererende bates.

Verhaalbare diensbedrag is die hoogste van 'n niekontantgenererende bate se billike waarde minus die koste daarvan om dit te verkoop en die waarde daarvan in gebruik.

Waarde in gebruik van 'n niekontantgenererende bate is die huidige waarde van die bate se oorblywende dienspotensiaal.

Terme wat in ander Standaarde van AERP omskryf word, word in hierdie Standaard met dieselfde betekenis gebruik as in daardie ander Standaarde.

Kontantgenererende bates en niekontantgenererende bates

- .11 Selfs al het die meeste entiteite normaalweg dienslewering as hul doelwit, kan die bestuur sy diskresie uitoefen om bates te verkry en te bestuur om 'n kommersiële opbrengs te genereer. Sommige bates kan slegs as niekontantgenererende bates bestuur word, terwyl ander bestuur kan word as kontantgenererende bates wat 'n kommersiële opbrengs genereer.
- .12 Kontantgenererende bates is bates wat bestuur word met die doel om 'n kommersiële opbrengs te genereer. 'n Bate genereer 'n kommersiële opbrengs wanneer dit ontplooi word op 'n manier wat ooreenstem met dié wat deur 'n winsgeoriënteerde entiteit aanvaar is. Die bestuur van 'n bate om 'n "kommersiële opbrengs" te genereer dui aan dat 'n entiteit die bedoeling het om positiewe kontantinvloei uit die bate (of uit die kontantgenererende eenheid waarvan die bate deel is) te genereer en 'n kommersiële opbrengs te verdien, wat 'n aanduiding is van die risiko wat by die bestuur van die bate betrokke is. 'n Bate kan bestuur word met die doel om 'n kommersiële opbrengs te genereer selfs al bereik dit nie gedurende 'n bepaalde verslagdoeningstydperk daardie doelwit nie. Omgekeerd, 'n bate kan 'n niekontantgenererende bate wees selfs al breek dit gelyk of al genereer dit 'n kommersiële opbrengs gedurende 'n bepaalde verslagdoeningstydperk. Tensy anders vermeld, is verwysings na "n bate" of

“bates” in die volgende paragrafe van hierdie Standaard verwysings na “(n) niekontantgenererende bates”.

- .13 Daar is bepaalde omstandighede waaronder entiteite sommige bates kan bestuur met die doel om 'n kommersiële opbrengs te genereer, hoewel die meeste van die bates nie vir daardie doel bestuur word nie. 'n Hospitaal kan byvoorbeeld 'n gebou vir betalende pasiënte ontplooi. Kontantgenererende bates van 'n entiteit kan onafhanklik van die niekontantgenererende bates van die entiteit funksioneer.
- .14 In bepaalde gevalle kan 'n bate kontantvloeï genereer, alhoewel dit vir diensleweringdoeleindes bestuur word. 'n Afvalwegdoeningsaanleg word byvoorbeeld bedryf om die veilige wegdoening met mediese afval wat deur staatsbeheerde hospitale gegenereer word, te verseker, maar die aanleg kan ook 'n klein hoeveelheid mediese afval wat deur ander private hospitale gegenereer word, op 'n kommersiële grondslag behandel. Die behandeling van die mediese afval van die private hospitale val saam met die bedrywighede van die aanleg, en die bates wat kontantvloeï genereer, kan nie van die niekontantgenererende bates onderskei word nie.
- .15 In ander gevalle kan 'n bate kontantvloeï genereer en ook vir niekontantgenererende doeleindes bestuur word. 'n Openbare hospitaal het byvoorbeeld tien sale waarvan nege op 'n kommersiële grondslag vir betalende pasiënte bestuur word, terwyl die ander een vir niebetalende pasiënte bestuur word. Pasiënte in albei tipes sale gebruik die ander hospitaalgereë gesamentlik (byvoorbeeld die teaterfasiliteite). Die mate waarin die bate met die oog op lewering van 'n kommersiële opbrengs bestuur word, moet in aanmerking geneem word om vas te stel of die entiteit die bepalinge van hierdie Standaard of die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Kontantgenererende Bates* behoort toe te pas. Indien die niekontantgenererende komponent soos in hierdie voorbeeld 'n onbelangrike deel van die reëling in die geheel uitmaak, moet die entiteit die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Kontantgenererende Bates* eerder as hierdie Standaard toepas.
- .16 In sommige gevalle sal dit nie duidelik wees of dit die doel met die bestuur van 'n bate is om 'n kommersiële opbrengs te genereer nie. In sulke gevalle is dit nodig om die beduidendheid van die kontantvloeï te evalueer. Dit mag moeilik wees om vas te stel of die mate waarindie bate kontantvloeï genereer so beduidend is dat hierdie Standaard van toepassing is eerder as die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Kontantgenererende Bates*. Gesonde oordeel is nodig om vas te stel watter Standaard om toe te pas. 'n Entiteit ontwikkel maatstawwe om oordeel konsekwent te kan uitoefen ooreenkomstig die omskrywing van kontantgenererende bates en niekontantgenererende bates en met die verbandhoudende riglyne in paragraaf .11 tot .15. Paragraaf .74 vereis dat 'n entiteit die maatstawwe wat aangewend is, openbaar maak wanneer hierdie beslissing gemaak word. In die lig van die algehele doelwitte van die meeste entiteite is die veronderstelling egter dat bates niekontantgenererend is en dat hierdie Standaard derhalwe van toepassing sal wees.

Waardevermindering

- .17 Waardevermindering en amortisasie is die sistematiese toedeling van die afskryfbare bedrag van 'n bate oor die nutsduur daarvan. In die geval van 'n ontasbare bate word die term “amortisasie” gewoonlik in plaas van “waardevermindering” gebruik. Albei terme het dieselfde betekenis.

Waardedaling

- .18 Hierdie Standaard omskryf 'n “waardedaling” as 'n verlies in die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal van 'n bate, bo en behalwe die sistematiese erkenning van die verlies van die bate se toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal deur waardevermindering (amortisasie). Waardedaling weerspieël derhalwe 'n daling in die nut van 'n bate vir die entiteit wat dit beheer. 'n Entiteit kan byvoorbeeld oor 'n doelgeboude militêre opbergingsfasiliteit beskik wat hy nie langer gebruik nie. Daarbenewens is dit vanweë die gespesialiseerde aard van die fasiliteit en die ligging daarvan onwaarskynlik dat dit verhuur of verkoop kan word, en derhalwe is die entiteit nie in staat om kontantvloei uit die verhuring of afstanddoening van die bate te genereer nie. Die indruk is dat die bate in waarde gedaal het, aangesien dit nie meer in staat is om die entiteit van dienspotensiaal te voorsien nie – dit het vir die entiteit min of geen nut wat betref enige bydrae tot die bereiking van die entiteit se doelwitte nie.

Identifisering van 'n bate wat in waarde gedaal het

- .19 'n Bate het in waarde gedaal wanneer die drabedrag van die bate die verhaalbare diensbedrag daarvan oorskry. Paragraaf .23 identifiseer sleutelaanduidings dat 'n waardedalingsverlies kon voorgekom het. Indien enigeen van daardie aanduidings aanwesig is, word van 'n entiteit vereis dat hy 'n formele raming van die verhaalbare diensbedrag maak. As daar geen aanduiding is dat daar 'n potensiële waardedalingsverlies bestaan nie, vereis hierdie Standaard nie dat 'n entiteit 'n formele raming van 'n verhaalbare diensbedrag maak nie.
- .20 ***'n Entiteit moet op elke verslagdoeningsdatum bepaal of daar enige aanduiding bestaan dat 'n bate in waarde gedaal het. Indien daar enige sodanige aanduiding bestaan, moet die entiteit 'n raming van die verhaalbare diensbedrag van die bate maak.***
- .21 ***Ongeag of daar enige aanduiding van waardedaling is, moet 'n entiteit 'n ontasbare bate met 'n onbepaalde nutsduur of 'n ontasbare bate wat nog nie vir gebruik beskikbaar is nie, ook jaarliks vir waardedaling toets deur die drabedrag daarvan met die verhaalbare diensbedrag daarvan te vergelyk. Hierdie waardedalingstoets kan te eniger tyd gedurende die verslagdoeningstydperk uitgevoer word, mits dit op dieselfde tyd elke jaar uitgevoer word. Verskillende ontasbare bates kan op verskillende tye vir waardedaling getoets word. As so 'n ontasbare bate egter aanvanklik gedurende die huidige verslagdoeningstydperk erken is, moet daardie ontasbare bate voor die einde van die huidige verslagdoeningstydperk vir waardedaling getoets word.***

- .22 Die vermoë van 'n ontasbare bate om voldoende toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal te genereer om sy drabedrag te verhaal is gewoonlik onderhewig aan groter onsekerheid voordat die bate vir gebruik beskikbaar is as nadat dit vir gebruik beskikbaar is. Derhalwe vereis hierdie Standaard dat 'n entiteit die drabedrag van 'n ontasbare bate wat nog nie vir gebruik beskikbaar is nie, ten minste jaarliks vir waardedaling moet toets.

- .23 ***By evaluering of daar enige aanduiding is dat 'n bate in waarde kon gedaal het, moet 'n entiteit ten minste die volgende aanduidings in ag neem:***

Eksterne inligtingsbronne

- (a) ***Beëindiging, of byna-beëindiging, van die vraag na of behoefte aan dienste wat deur die bate gelewer word.***
- (b) ***Beduidende langtermynveranderinge met 'n nadelige uitwerking op die entiteit wat gedurende die tydperk plaasgevind het of in die nabye toekoms sal plaasvind in die tegnologiese, wetlike of regeringsbeleidsomgewing waarin die entiteit funksioneer.***

Interne inligtingsbronne

- (c) ***Bewyse van veroudering of fisiese skade aan 'n bate.***
 - (d) ***Beduidende langtermynveranderinge met 'n nadelige uitwerking op die entiteit wat gedurende die tydperk plaasgevind het, of na verwagting in die nabye toekoms sal plaasvind, in die mate waarin of die wyse waarop 'n bate gebruik word of na verwagting gebruik sal word. Hierdie veranderinge behels dat die bate in onbruik verval, dat daar planne bestaan om die bedrywigheid waartoe die bate behoort, te staak of te herstructureer, dat daar planne bestaan om voor die vorige verwagte datum weg te doen met die bate en die herevaluering van die nutsduur van die bate as begrens eerder as onbepaald.***
 - (e) ***'n Besluit om die konstruksie van die bate te staak voordat dit voltooi of in 'n bruikbare toestand is.***
 - (f) ***Bewyse van interne verslagdoening wat daarop dui dat die werkverrigting van 'n bate aansienlik swakker is as wat verwag is, of swakker sal word.***
- .24 Die vraag na of behoefte aan dienste kan oor tyd wissel, wat 'n uitwerking sal hê op die mate waarin bates in die lewering van hierdie dienste aangewend word, maar negatiewe skommelings in die vraag is nie noodwendig aanduidings van waardedaling nie. Indien die vraag na dienste opdroog, of byna opdroog, kon die bates wat gebruik word om daardie dienste te lewer in waarde gedaal het. Die vraag kan beskou word as "byna" opgedroog wanneer dit so laag is dat die entiteit nie sou probeer het om op daardie vraag te reageer nie, of sou reageer deur nie die bate wat vir waardedalingstoetsing oorweeg word, aan te skaf nie.
- .25 Die lys in paragraaf .23 is nie volledig nie. Daar kan ander aanduidings wees dat 'n bate in waarde gedaal het. Die bestaan van ander aanduidings kan tot gevolg

hê dat die entiteit die bate se verhaalbare diensbedrag raam. Enige van die volgende kan byvoorbeeld 'n aanduiding van waardedaling wees:

- (a) 'n beduidend verdere afname gedurende die tydperk van 'n bate se markwaarde as wat vanweë die verloop van tyd of normale gebruik verwag sou word; of
- (b) 'n beduidende langtermyndaling (maar nie noodwendig 'n beëindiging of byna-beëindiging nie) in die vraag na of behoefte aan dienste wat deur die bate gelewer word.

.26 Die gebeure of omstandighede wat 'n waardedaling in 'n bate kan aantoon, sal beduidend wees en sal dikwels tot bespreking deur die bestuur aanleiding gee. 'n Verandering in 'n parameter, soos die vraag na die diens, die omvang of manier van gebruik, die regsomgewing of regeringsbeleidsomgewing, kan slegs op waardedaling dui indien so 'n verandering beduidend is en nadelige langtermyngevolge het of na verwagting sou gehad het. 'n Verandering in die tegnologiese omgewing kan daarop dui dat 'n bate verouderd is en vir waardedaling getoets moet word. Verandering in die gebruik van 'n bate gedurende die tydperk kan ook 'n aanduiding van waardedaling wees. Dit kan plaasvind indien 'n gebou wat as 'n skool gebruik is, byvoorbeeld 'n verandering in gebruik ondergaan en vir opberging aangewend word. By evaluering of waardedaling plaasgevind het, moet die entiteit veranderinge in dienspotensiaal oor die lang termyn bepaal. Dit onderstreep die feit dat die veranderinge gesien word binne die konteks van die verwagte langtermyngebruik van die bate. Die verwagtings van langtermyngebruik kan egter verander en die entiteit se evaluering op elke verslagdoeningsdatum sal dit toon.

.27 By die vasstelling of 'n stilstand in konstruksie tot 'n waardedalingstoets kan lei, moet die entiteit dit oorweeg of die konstruksie bloot vertraag is of uitgestel is, of daar 'n bedoeling is om konstruksie in die nabye toekoms te hervat en of die konstruksiewerk nie in die afsienbare toekoms voltooi sal word nie. Indien konstruksie vertraag of uitgestel is tot 'n spesifieke latere datum, kan die projek as onvoltooide werk behandel word en word dit nie as gestaak beskou nie.

.28 Bewyse uit interne verslagdoening wat daarop dui dat 'n bate in waarde kon gedaal het, soos in paragraaf .23(f) hierbo aangedui, het betrekking op die vermoë van die bate om goedere of dienste te verskaf eerder as 'n daling in die vraag na die goedere of dienste wat deur die bate gelewer is. Dit sluit die bestaan in van:

- (a) beduidend hoër koste van die bedryf of instandhouding van die bate vergeleke met dit waarvoor oorspronklik begroot is; en
- (b) beduidend laer diens- of produksievlakke wat as gevolg van swak bedryfsprestasie deur die bate gehandhaaf is, vergeleke met dié wat oorspronklik verwag is.

'n Beduidende styging in die bedryfskoste van 'n bate kan daarop dui dat die bate nie so doeltreffend of produktief is as wat aanvanklik verwag is volgens produksiestandaarde wat deur die vervaardiger gestel is en waarvolgens die

- bedryfsbegroting opgestel is nie. Insgelyks kan 'n beduidende styging in instandhoudingskoste daarop dui dat hoër koste aangegaan sal moet word om die bate se prestasie te hou op 'n vlak wat aangedui is deur die jongste geraamde prestasiestandaard daarvan. In ander gevalle kan regstreekse kwantitatiewe bewyse van 'n waardedaling aangedui word deur 'n beduidende langtermyndaling in die verwagte diens- of produksievlakke wat deur die bate verskaf word.
- .29 Die konsep van wesenlikheid is van toepassing by die vasstelling of die verhaalbare diensbedrag van 'n bate geraam moet word. Indien vorige evaluering byvoorbeeld toon dat 'n bate se verhaalbare diensbedrag beduidend hoër is as die drabedrag daarvan, hoef die entiteit nie die bate se verhaalbare diensbedrag weer te raam as daar niks plaasgevind het wat daardie verskil kon uitgeskakel het nie. Insgelyks kan vorige ontledings toon dat 'n bate se verhaalbare diensbedrag nie gevoelig is vir een (of meer) van die aanduidings wat in paragraaf .23 vermeld word nie.
- .30 Indien daar 'n aanduiding is dat 'n bate in waarde gedaal het, kan dit daarop dui dat die oorblywende nutsduur, die waardeverminderings- (amortisasie-) metode of die reswaarde vir die bate hersien moet word en aangesuiwer moet word ooreenkomstig die Standaard van AERP wat op die bate van toepassing is, selfs al word geen waardedalingsverlies vir die bate erken nie.

Meting van die verhaalbare diensbedrag

- .31 Hierdie Standaard omskryf verhaalbare diensbedrag as die hoogste van 'n bate se billike waarde minus die koste van verkoop daarvan en die waarde daarvan in gebruik. Paragraaf .32 tot .48 sit die grondslag vir die meting van verhaalbare diensbedrag uiteen.
- .32 Dit is nie altyd nodig om 'n bate se billike waarde minus koste om te verkoop sowel as die gebruikswaarde daarvan vas te stel nie. As enigeen van hierdie bedrae die bate se drabedrag oorskry, het die bate nie in waarde gedaal nie en is dit nie nodig om die ander bedrag te raam nie.
- .33 Dit kan moontlik wees om billike waarde minus koste om te verkoop, vas te stel, selfs indien 'n bate nie op 'n aktiewe mark verhandel word nie. Paragraaf .39 sit moontlike alternatiewe grondslae uiteen vir die raming van billike waarde minus koste om te verkoop wanneer 'n aktiewe mark vir die bate nie bestaan nie. Soms sal dit egter nie moontlik wees om billike waarde minus koste om te verkoop vas te stel nie, omdat daar geen grondslag bestaan vir die maak van 'n betroubare raming van die bedrag wat uit die verkoop van die bate in 'n armlengtetransaksie tussen ingeligte en gewillige partye verkry kan word nie. In daardie geval kan die entiteit die bate se waarde in gebruik as die verhaalbare diensbedrag daarvan aanwend.
- .34 Indien daar geen rede is om te glo dat 'n bate se waarde in gebruik die billike waarde daarvan minus koste om te verkoop wesenlik oorskry nie, kan die bate se billike waarde minus koste om te verkoop as die verhaalbare diensbedrag gebruik word. Dit sal dikwels die geval wees by 'n bate wat vir vervreemding

gehou word. Dit is omdat die waarde in gebruik van 'n bate wat vir vervreemding gehou word, hoofsaaklik sal bestaan uit die netto vervreemdingsopbrengs. Vir baie entiteite wat op 'n deurlopende grondslag gehou word om gespesialiseerde dienste of openbare goedere aan die gemeenskap te lewer, is die waarde in gebruik van die bate egter waarskynlik groter as die billike waarde daarvan minus koste om te verkoop.

- .35 In sommige gevalle kan ramings, gemiddeldes en berekeningskortpaaie redelike benaderings verskaf van die gedetailleerde berekenings wat in hierdie Standaard verduidelik word vir die vasstelling van billike waarde minus koste om te verkoop of waarde in gebruik.

Meting van die verhaalbare diensbedrag van 'n ontasbare bate met 'n onbepaalde nutsduur

- .36 Paragraaf .21 vereis dat 'n ontasbare bate met 'n onbepaalde nutsduur jaarliks vir waardedaling getoets moet word deur sy drabedrag met sy verhaalbare diensbedrag te vergelyk, ongeag of daar enige aanduiding bestaan dat dit in waarde mag gedaal het. Die jongste uitvoerige berekening van so 'n bate se verhaalbare diensbedrag wat in 'n vorige tydperk gemaak is, kan egter in die waardedalingstoets vir daardie bate in die huidige tydperk gebruik word, op voorwaarde dat daar aan al die volgende maatstawwe voldoen word:
- (a) die berekening van die jongste verhaalbare diensbedrag moes uitgeloop het op 'n bedrag wat die bate se drabedrag beduidend oorskry het; en
 - (b) gegrond op 'n ontleding van gebeure wat plaasgevind het en omstandighede wat verander het sedert die jongste berekening van die verhaalbare diensbedrag, moet die waarskynlikheid gering wees dat 'n huidige vasstelling van die verhaalbare diensbedrag minder as die bate se drabedrag sal wees.

Billike waarde minus koste om te verkoop

- .37 Die beste aanduiding van 'n bate se billike waarde minus koste om te verkoop is 'n prys in 'n bindende verkoopsooreenkoms in 'n armlengtetransaksie, aangesuiwer vir inkrementele koste wat regstreeks toeskryfbaar kan wees aan die vervreemding van die bate.
- .38 Indien daar geen bindende verkoopsooreenkoms is nie, maar 'n bate in 'n aktiewe mark verhandel word, is billike waarde minus koste om te verkoop die bate se markprys minus die vervreemdingskoste. Die toepaslike markprys is gewoonlik die huidige bodprys. Indien huidige bodpryse nie beskikbaar is nie, kan die prys van die jongste transaksie 'n grondslag bied waarvandaan billike waarde minus koste om te verkoop geraam kan word, mits daar nie 'n beduidende verandering was in die ekonomiese omstandighede tussen die transaksiedatum en die datum waarop die raming gemaak word nie.
- .39 Indien daar geen bindende verkoopsooreenkoms of aktiewe mark vir 'n bate is nie, word billike waarde minus koste om te verkoop gebaseer op die beste inligting wat beskikbaar is om die bedrag weer te gee wat 'n entiteit sou kon

- bekom, op die verslagdoeningsdatum, uit die vervreemding van die bate in 'n armlengtetransaksie tussen ingeligte, gewillige partye, ná aftrekking van die vervreemdingskoste. By die vasstelling van hierdie bedrag kan 'n entiteit die uitkoms van onlangse transaksies vir vergelykbare bates in dieselfde bedryf oorweeg. Billike waarde minus koste om te verkoop weerspieël nie 'n gedwonge verkoop nie, tensy die bestuur onder druk verkeer om onmiddellik te verkoop.
- .40 Vervreemdingskoste, behalwe dié wat as laste erken is, word afgetrek by die bepaling van billike waarde minus koste om te verkoop. Voorbeelde van sodanige koste is regskoste, seëlreg en vergelykbare transaksiebelastings, koste van verwydering van die bate, en regstreekse inkrementele koste om 'n bate in die regte toestand te kry vir die verkoop daarvan. Diensbeëindigingsvoordele (soos omskryf in die Standaard van AERP oor *Werknemersvoordele*) en koste wat met die verkleining of herorganisering van 'n bedrywigheid ná die vervreemding van 'n bate verband hou, is nie regstreekse inkrementele koste om die bate te vervreem nie.
- .41 Soms kan die vervreemding van 'n bate die koper noodsaak om 'n aanspreeklikheid te aanvaar terwyl slegs 'n enkele billike waarde minus koste om te verkoop vir die bate sowel as die las beskikbaar is.

Waarde in gebruik

- .42 Hierdie Standaard omskryf die waarde in gebruik van 'n niekontantgenererende bate as die huidige waarde van die bate se oorblywende dienspotensiaal. "Waarde in gebruik" in hierdie Standaard verwys na "waarde in gebruik van 'n niekontantgenererende bate", tensy dit anders aangedui word. Die bestaande waarde van die oorblywende dienspotensiaal van die bate word bepaal met gebruik van enigeen van die benaderings wat in paragraaf .43 tot .47 geïdentifiseer word, soos toepaslik.

Die benadering van afgeskryfde vervangingskoste

- .43 Ooreenkomstig hierdie benadering word die huidige waarde van die oorblywende dienspotensiaal van 'n bate bepaal as die afgeskryfde vervangingskoste van die bate. Die vervangingskoste van 'n bate is die koste om die bate se bruto dienspotensiaal te vervang. Hierdie koste word afgeskryf om die bate in sy gebruikte toestand te toon. 'n Bate kan vervang word óf deur reproduksie (replisering) van die bestaande bate óf deur vervanging van die bruto dienspotensiaal daarvan. Die afgeskryfde vervangingskoste word gemeet as die reproduksie- of vervangingskoste van die bate, wat ook al die laagste is, minus opgehoopte waardevermindering, bereken op grond van sodanige koste, om die reeds verbruikte of verstreke dienspotensiaal van die bate weer te gee.
- .44 Die vervangingskoste en die reproduksiekoste van 'n bate word op 'n "geoptimaliseerde" grondslag bepaal. Die beweegrede is dat die entiteit die bate nie sou vervang deur of reproduseer met behulp van 'n soortgelyke bate indien die bate wat vervang of gereproduseer moet word, 'n oorontwerpte of oorkapasiteitbate is nie. Oorontwerpte bates beskik oor eienskappe wat onnodig is vir die goedere of dienste wat die bate lewer. Oorkapasiteitbates is bates wat 'n groter kapasiteit het as wat nodig is om te voldoen aan die vraag na goedere of

dienste wat die bate verskaf. Die vasstelling van die vervangingskoste of reproduksiekoste van 'n bate op 'n geoptimaliseerde grondslag weerspieël dus die dienspotensiaal wat van die bate verwag word.

- .45 In bepaalde gevalle word gebeurlikheids- of surplus kapasiteit om veiligheids- of ander redes gehou. Dit spruit uit die behoefte om te verseker dat toereikende dienskapasiteit in die entiteit se besondere omstandighede beskikbaar is. Die brandweer moet byvoorbeeld brandweerwaens gereed hou om in noodgevalle diens te kan lewer. Sodanige surplus- of gebeurlikheidskapasiteit is deel van die vereiste dienspotensiaal van die bate.

Herstelkostebenadering

- .46 Herstelkoste is die koste van die herstel van die dienspotensiaal van 'n bate na die vlak wat dit voor waardedaling was. Volgens hierdie benadering word die huidige waarde van die oorblywende dienspotensiaal van die bate vasgestel deur aftrekking van die geraamde herstelkoste van die bate van die huidige koste van vervanging van die oorblywende dienspotensiaal van die bate voor waardedaling. Laasgenoemde koste word gewoonlik vasgestel as die laagste van die afgeskryfde reproduksie- of vervangingskoste van die bate. Paragraaf .43 tot .45 sluit bykomende riglyne in oor die vasstelling van die vervangingskoste of reproduksiekoste van 'n bate.

Dienseenhedenbenadering

- .47 Volgens hierdie benadering word die huidige waarde van die oorblywende dienspotensiaal van die bate vasgestel deur die vermindering van die huidige koste van oorblywende dienspotensiaal van die bate voor waardedaling, om ooreen te stem met die verminderde getal dienseenhede wat van die bate in sy verswakte toestand verwag word. Soos in die geval van die herstelkostebenadering word die huidige koste van vervanging van die oorblywende dienspotensiaal van die bate voor waardedaling gewoonlik bepaal as die laagste van die afgeskryfde reproduksie- of vervangingskoste van die bate voor waardedaling.

Toepassing van benaderings

- .48 Die keuse van die geskikste benadering tot die meting van waarde in gebruik hang af van die beskikbaarheid van data en die aard van die waardedaling:
- (a) waardedalings wat geïdentifiseer is uit wesenlike langtermynveranderinge in die tegnologiese, wetlike of regeringsbeleidsomgewing is algemeen meetbaar met gebruik van 'n afgeskryfde vervangingskoste-benadering of 'n dienseenhedenbenadering, indien dit toepaslik is;
 - (b) waardedalings wat geïdentifiseer is uit 'n beduidende langtermynverandering in die omvang of manier van gebruik, met inbegrip van dié wat geïdentifiseer is uit die beëindiging of byna-beëindiging van die vraag, is gewoonlik meetbaar met gebruik van 'n afgeskryfde vervangingskoste- of 'n dienseenhedenbenadering wanneer dit toepaslik is; en

- (c) waardedalings wat uit fisiese skade geïdentifiseer is, is gewoonlik meetbaar met gebruik van 'n herstelkostebenadering of 'n afgeskryfdevervangingskoste-benadering indien dit toepaslik is.

Erkenning en meting van 'n waardedalingsverlies

- .49 In paragraaf .50 tot .56 word die vereistes vir die erkenning en meting van waardedalingsverliese vir 'n bate uiteengesit. In hierdie Standaard verwys “waardedalingsverlies” na “waardedalingsverlies van 'n niekontantgenererende bate”, tensy dit anders gespesifiseer word.
- .50 ***Indien, en slegs indien, die verhaalbare diensbedrag van 'n bate minder is as die drabedrag daarvan, moet die drabedrag van die bate verminder word tot die verhaalbare diensbedrag daarvan. Daardie vermindering is 'n waardedalingsverlies.***
- .51 Soos in paragraaf .20 opgemerk, vereis hierdie Standaard dat 'n entiteit 'n formele raming van 'n verhaalbare diensbedrag maak slegs as daar 'n aanduiding van 'n potensiële waardedalingsverlies bestaan. Paragraaf .23 tot .30 identifiseer sleutelaanduidings dat 'n waardedalingsverlies kon voorgekom het.
- .52 ***'n Waardedalingsverlies moet onmiddellik in surplus of tekort erken word, tensy die bate teen 'n herwaardeerde bedrag gedra word ooreenkomstig 'n ander Standaard van AERP (byvoorbeeld ooreenkomstig die herwaardasiemodel in die Standaard van AERP oor Eiendom, Aanleg en Toerusting). Enige waardedalingsverlies van 'n herwaardeerde bate moet beskou word as 'n herwaardasievermindering ooreenkomstig daardie Standaard van AERP.***
- .53 'n Waardedalingsverlies op 'n nie-herwaardeerde bate word in surplus of tekort erken. 'n Waardedalingsverlies op 'n herwaardeerde bate word egter regstreeks teen enige herwaardasiesurplus vir die bate erken in die mate waarin die waardedalingsverlies nie die bedrag in die herwaardasiesurplus vir daardie selfde bate oorskry nie.
- .54 ***Wanneer die bedrag wat vir 'n waardedalingsverlies geraam word, groter is as die drabedrag van die bate waarop dit betrekking het, moet 'n entiteit 'n aanspreeklikheid erken indien, en slegs indien, dit deur 'n ander Standaard van AERP vereis word.***
- .55 Indien die geraamde waardedalingsverlies groter is as die drabedrag van die bate, word die drabedrag van die bate verminder tot nul, terwyl 'n ooreenstemmende bedrag in surplus of tekort erken word. 'n Aanspreeklikheid word slegs erken as 'n ander Standaard van AERP dit so vereis. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer 'n doelgeboude militêre installasie nie meer gebruik word nie en die wet dit van die entiteit vereis om sodanige installasies te verwyder as dit nie bruikbaar is nie. Dit kan vir die entiteit nodig wees om 'n voorsiening te maak

vir aftakelingskoste indien dit deur die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates* vereis word.

- .56** *Na die erkenning van 'n waardedalingsverlies moet die waardevermindering- (amortisasie-) koste vir die bate in toekomstige tydperke aangesuiwer word om die bate se hersiene drabedrag, minus die reswaarde daarvan (indien daar is), op 'n sistematiese grondslag oor die oorblywende nutsduur daarvan toe te deel.*

Omswaaiing van 'n waardedalingsverlies

- .57** In paragraaf .58 tot .71 word die vereistes uiteengesit vir die omswaaiing van 'n waardedalingsverlies wat vir 'n bate in vorige tydperke erken word.
- .58** *'n Entiteit moet op elke verslagdoeningsdatum bepaal of daar enige aanduiding is dat 'n waardedalingsverlies wat in vorige tydperke vir 'n bate erken is, nie meer bestaan nie of kon verminder het. Indien daar enige sodanige aanduiding bestaan, moet die entiteit 'n raming van die verhaalbare diensbedrag van daardie bate maak.*
- .59** *By die bepaling of daar enige aanduiding is dat 'n waardedalingsverlies wat in vorige tydperke vir 'n bate erken is, nie meer bestaan nie of kon verminder het, moet 'n entiteit ten minste die volgende aanduidings oorweeg:*

Eksterne inligtingsbronne

- (a)** *Oplewing van die vraag na of behoefte aan dienste wat deur die bate gelewer word.*
- (b)** *Beduidende langtermynveranderinge met 'n gunstige uitwerking op die entiteit wat gedurende die tydperk plaasgevind het of in die nabye toekoms sal plaasvind in die tegnologiese, wetlike of regeringsbeleidsomgewing waarin die entiteit funksioneer.*

Interne inligtingsbronne

- (c)** *Beduidende langtermynveranderinge met 'n gunstige uitwerking op die entiteit wat gedurende die tydperk plaasgevind het, of na verwagting in die nabye toekoms sal plaasvind, in die mate waarin of die wyse waarop die bate gebruik word of na verwagting gebruik sal word. Hierdie veranderinge sluit koste in wat gedurende die tydperk aangegaan is om 'n bate se prestasie te verbeter of te bevorder, die bedrywigheid waartoe die bate behoort, te herstruktureer, of 'n besluit om 'n bate eerder te gebruik as te vervreem.*
- (d)** *'n Besluit om die konstruksie van die bate te hervat wat voorheen gestaak is voordat dit voltooi is of in 'n bruikbare toestand was.*
- (e)** *Bewyse wat beskikbaar is van interne verslagdoening wat daarop dui dat die werkverrigting van 'n bate aansienlik beter is as wat verwag is, of aansienlik sal verbeter.*

- .60 Aanduidings van 'n potensiële afname in 'n waardedalingsverlies in paragraaf .59 weerspieël hoofsaaklik die aanduidings van 'n potensiële waardedalingsverlies in paragraaf .23.
- .61 Die lys in paragraaf .59 is nie volledig nie. 'n Entiteit kan ander aanduidings van 'n omswaaiing van 'n waardedalingsverlies identifiseer wat ook kan vereis dat die entiteit die bate se verhaalbare diensbedrag weer moet raam. Enige van die volgende kan byvoorbeeld 'n aanduiding wees dat die waardedalingsverlies kon omgeswaai het:
- (a) 'n beduidende verhoging in 'n bate se markwaarde; of
 - (b) 'n beduidende langtermynstyging in die vraag na of behoefte aan die dienste wat deur die bate gelewer is.
- .62 'n Verbintenis om 'n bedrywigheid in die nabye toekoms te staak of te herstruktureer is 'n aanduiding van 'n omswaaiing van 'n waardedalingsverlies van 'n bate wat aan die bedrywigheid behoort waar sodanige verbintenis 'n beduidende langtermynverandering teweegbring in die omvang en wyse waarop daardie bate gebruik word, met 'n gunstige uitwerking op die entiteit. Omstandighede waar so 'n verbintenis 'n aanduiding van omswaaiing van waardedaling sou kon wees, het dikwels betrekking op gevalle waar die verwagte beëindiging of herstrukturering van die bedrywigheid geleenthede sou kon skep om die aanwending van die bate te verbeter. 'n Voorbeeld hiervan is 'n X-straalapparaat wat onderbenut is deur 'n kliniek wat deur 'n openbare hospitaal bestuur is en as gevolg van herstrukturering na verwagting na die hoofradiologiedepartement van die hospitaal oorgeplaas sal word waar dit aansienlik beter benut sal kan word. In so 'n geval kan die verbintenis om die kliniek se bedrywigheid te staak of te herstruktureer 'n aanduiding wees dat 'n waardedalingsverlies wat in vorige tydperke vir die bate erken is, omgeswaai moet word.
- .63 Indien daar 'n aanduiding is dat 'n waardedalingsverlies wat vir 'n bate erken is, nie meer bestaan nie of verminder het, kan dit daarop dui dat die oorblywende nutsduur, die waardeverminderings- (amortisasie-) metode of die reswaarde hersien moet word en aangesuiwer moet word ooreenkomstig die Standaard van AERP wat op die bate van toepassing is, selfs al word geen waardedalingsverlies vir die bate omgeswaai nie.
- .64 'n Waardedalingsverlies wat in vorige tydperke vir 'n bate erken is, moet omgeswaai word indien, en slegs indien, daar 'n verandering was in die ramings wat gebruik is om die bate se verhaalbare diensbedrag vas te stel sedert die laaste waardedalingsverlies erken is. As dit die geval is, moet die drabedrag van die bate, behalwe soos in paragraaf .67 beskryf, verhoog word tot die verhaalbare diensbedrag daarvan. Daardie verhoging is 'n omswaaiing van 'n waardedalingsverlies.**
- .65 Hierdie Standaard vereis dat 'n entiteit 'n formele raming van 'n verhaalbare diensbedrag maak slegs indien daar 'n aanduiding van 'n omswaaiing van 'n waardedalingsverlies bestaan. Paragraaf .59 identifiseer sleutelaanduidings dat

- 'n waardedalingsverlies wat in vorige tydperke vir 'n bate erken is, nie meer bestaan nie of verminder het.
- .66 'n Omswaaiing van 'n waardedalingsverlies weerspieël 'n styging in die geraamde verhaalbare diensbedrag van 'n bate, hetsy uit gebruik of uit verkoop, sedert die jongste datum waarop 'n entiteit 'n waardedalingsverlies vir daardie bate erken het. Paragraaf .79 vereis dat 'n entiteit die verandering in ramings identifiseer wat die styging in die verhaalbare diensbedrag veroorsaak. Voorbeelde van veranderinge in ramings sluit die volgende in:
- (a) 'n verandering in die grondslag vir die verhaalbare diensbedrag (d.w.s. of die verhaalbare diensbedrag op billike waarde minus koste om te verkoop of op waarde in gebruik gegrond is);
 - (b) indien die verhaalbare diensbedrag op waarde in gebruik gegrond is, 'n verandering in die raming van die komponente van waarde in gebruik; of
 - (c) indien die verhaalbare diensbedrag op billike waarde minus koste om te verkoop gegrond is, 'n verandering in die raming van die komponente van billike waarde minus koste om te verkoop.
- .67 ***Die verhoogde drabedrag van 'n bate wat aan 'n omswaaiing van 'n waardedalingsverlies toeskryfbaar is, moet nie die drabedrag oorskry wat vasgestel sou word (na aftrekking van waardevermindering of amortisasie) indien geen waardedalingsverlies vir die bate in vorige tydperke erken is nie.***
- .68 Enige verhoging in die drabedrag van 'n bate bokant die drabedrag wat vasgestel sou word (ná aftrekking van amortisasie of waardevermindering) indien geen waardedalingsverlies vir die bate in vorige tydperke erken is nie, is 'n herwaardasie. By die rekeningkundige verantwoording van so 'n herwaardasie moet 'n entiteit die Standaard van AERP toepas wat op die bate betrekking het.
- .69 ***'n Omswaaiing van 'n waardedalingsverlies vir 'n bate moet onmiddellik in surplus of tekort erken word, tensy die bate ooreenkomstig 'n ander Standaard van AERP teen 'n herwaardeerde bedrag gedra word (byvoorbeeld die herwaardasiemodel in die Standaard van AERP oor Eiendom, Aanleg en Toerusting). Enige omswaaiing van 'n waardedalingsverlies van 'n herwaardeerde bate moet as 'n herwaardasieverhoging ooreenkomstig daardie ander Standaard van AERP beskou word.***
- .70 'n Omswaaiing van 'n waardedalingsverlies op 'n herwaardeerde bate word in die herwaardasiereserwe in die staat van veranderinge in netto bates vir daardie bate erken. In die mate waarin 'n waardedalingsverlies op dieselfde herwaardeerde bate egter voorheen in surplus of tekort erken is, word 'n omswaaiing van daardie waardedalingsverlies ook in surplus of tekort erken.
- .71 ***Nadat 'n omswaaiing van 'n waardedalingsverlies erken is, moet die waardeverminderings- (amortisasie-) koste vir die bate in toekomstige tydperke aangesuiwer word om die bate se hersiene drabedrag, minus die***

reswaarde daarvan (indien daar is), op 'n sistematiese grondslag oor die oorblywende nutsduur daarvan toe te deel.

Heraanwysing van bates

- .72** *Die heraanwysing van bates van 'n kontantgenererende bate na 'n niekontantgenererende bate of van 'n niekontantgenererende bate na 'n kontantgenererende bate moet slegs plaasvind indien daar duidelike bewyse is dat sodanige heraanwysing toepaslik is. 'n Heraanwysing op sigself gee nie noodwendig aanleiding tot 'n waardedalingstoets of 'n omswaaiing van 'n waardedalingsverlies nie. In plaas daarvan spruit die aanduiding vir 'n waardedalingstoets of 'n omswaaiing van 'n waardedalingsverlies ten minste uit die aanduidings wat in paragraaf .23 gelys word.*
- .73** *Daar is omstandighede waarin entiteite kan besluit dat dit toepaslik is om 'n heraanwysing van 'n niekontantgenererende bate as 'n kontantgenererende bate te doen. 'n Uitvloeiselbehandelingsaanleg is byvoorbeeld hoofsaaklik tot stand gebring om nywerheidsuitvloeisel van 'n maatskaplike behuisingseenheid te behandel sonder dat enige koste gehef is. Die maatskaplike behuisingseenheid word gesloop met die oog op die herontwikkeling van die terrein vir nywerheids- en kleinhandeldoeleindes. Die oogmerk is om die aanleg in die toekoms aan te wend om nywerheidsuitvloeisel teen kommersiële tariewe te behandel. In die lig daarvan besluit die entiteit om 'n heraanwysing van die uitvloeiselbehandelingsaanleg as 'n kontantgenererende bate te doen.*

Openbaarmaking

- .74** *'n Entiteit moet die maatstawwe openbaar maak wat die entiteit ontwikkel het om niekontantgenererende bates van kontantgenererende bates te onderskei.*
- .75** *'n Entiteit moet die volgende vir elke klas bates openbaar maak:*
- (a)** *die bedrag van waardedalingsverliese wat gedurende die tydperk in surplus of tekort erken word en die lynitem(s) van die staat van finansiële prestasie waarin daardie waardedalingsverliese ingesluit word;*
 - (b)** *die bedrag van omswaaiings van waardedalingsverliese wat gedurende die tydperk in surplus of tekort erken word en die lynitem(s) van die staat van finansiële prestasie waarin daardie waardedalingsverliese omgeswaai word;*
 - (c)** *die bedrag van waardedalingsverliese op herwaardeerde bates wat gedurende die tydperk regstreeks in netto bates erken word; en*
 - (d)** *die bedrag van omswaaiings van waardedalingsverliese op herwaardeerde bates wat gedurende die tydperk regstreeks in netto bates erken word.*

- .76 'n Bateklas is 'n groepering van bates met 'n soortgelyke aard en funksie in 'n entiteit se bedrywighede, wat as enkele item vir die doel van openbaarmaking in die finansiële state aangetoon word.
- .77 Die inligting wat in paragraaf .75 verlang word, kan saam met ander inligting wat openbaar gemaak word vir die bateklas aangebied word. Hierdie inligting kan byvoorbeeld ingesluit word in 'n rekonsiliasie van die drabedrag van eiendom, aanleg en toerusting aan die begin en einde van die tydperk, soos wat deur die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* vereis word.
- .78 ***'n Entiteit wat oor segmentinligting verslag doen ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Segmentverslagdoening, moet die volgende openbaar maak vir elke segment waaroor verslag gedoen moet word:***
- (a) ***die bedrag van waardedalingsverliese wat gedurende die tydperk in surplus of tekort en regstreeks in netto bates erken word; en***
 - (b) ***die bedrag van omswaaiings van waardedalingsverliese wat gedurende die tydperk in surplus of tekort en regstreeks in netto bates erken word.***
- .79 ***'n Entiteit moet die volgende openbaar maak vir elke wesenlike waardedalingsverlies wat gedurende die tydperk erken of omgeswaai word:***
- (a) ***die gebeure en omstandighede wat tot die erkenning of omswaaiing van die waardedalingsverlies gelei het;***
 - (b) ***die bedrag van waardedalingsverlies wat erken of omgeswaai word;***
 - (c) ***die aard van die bate;***
 - (d) ***indien die entiteit ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Segmentverslagdoening oor segmentinligting verslag doen, die verantwoordbare segment waartoe die bate behoort;***
 - (e) ***die vraag of die verhaalbare diensbedrag van die bate die billike waarde daarvan minus koste om te verkoop is, of die waarde daarvan in gebruik;***
 - (f) ***indien die verhaalbare diensbedrag billike waarde minus koste om te verkoop is, die grondslag wat gebruik word om billike waarde minus koste om te verkoop te bepaal (soos of billike waarde met verwysing na 'n aktiewe mark bepaal is);***
 - (g) ***indien die verhaalbare diensbedrag waarde in gebruik is, die metode en wesenlike veronderstellings wat toegepas word, met inbegrip van die diskontokoers(e) wat in die huidige raming en vorige raming (indien daar is) van waarde in gebruik aangewend is; en***
 - (h) ***die vraag of 'n onafhanklike waardeerder gebruik is om die verhaalbare diensbedrag vas te stel.***
- .80 ***'n Entiteit moet die volgende inligting vir al die waardedalingsverliese saam en al die omswaaiings van waardedalingsverliese openbaar maak wat***

gedurende die tydperk erken is en waarvoor geen inligting ooreenkomstig paragraaf .79 openbaar gemaak is nie:

- (a) die hoofklasse bates wat deur waardedalingsverliese geraak word (en die hoofklasse bates wat deur omswaaiings van waardedalingsverliese geraak word); en*
 - (b) die vernaamste gebeure en omstandighede wat tot die erkenning van hierdie waardedalingsverliese en omswaaiings van waardedalingsverliese gelei het.*
- .81** *'n Entiteit moet in die aantekeninge inligting openbaar maak oor die sleutelveronderstellings wat gebruik is om die verhaalbare diensbedrag vas te stel van bates gedurende die tydperk wat 'n beduidende risiko inhou dat dit 'n wesenlike aanpassing aan die drabedrag van bates kan maak.*

Oorgangsbepalings

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

- .82** *Die oorgangsbepalings wat by die aanvanklike aanvaarding van hierdie Standaard deur entiteite toegepas moet word, word in ('n) lasgewing(s) voorgeskryf. Die bepalinge van hierdie Standaard moet met elke toepaslike lasgewing saamgelees word.*

Wysigings aan Standaarde van AERP

- .83** *Paragraaf .03, .10, .12, .13, .14, .15, .16, .19, .23, .24, .26, .34, .78 en .79 is gewysig en paragraaf .11 is bygevoeg deur die Verbeterings aan die Standaarde van AERP wat op 1 April 2014 uitgereik is. 'n Entiteit moet hierdie wysigings vooruitwerkend toepas vir finansiële jaartydperke wat op of na 1 April 2015 begin. Indien 'n entiteit verkies om hierdie wysigings vroeër toe te pas, moet dit so openbaar gemaak word.*

Datum van inwerkingtrede

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

- .84** *'n Entiteit moet hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat begin op of na 'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal moet word in 'n regulasie wat ooreenkomstig artikel 91(1)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur Wet No. 1 van 1999, soos gewysig, publiseer sal word*

Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas

- .85 'n Entiteit moet wysigings aan hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat op of ná 1 April 2015 begin. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit hierdie wysigings vir 'n tydperk toepas wat voor 1 April 2015 begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.**

Bylaes

Vloiediagramme om 'n waardedalingsverlies vir niekontantgenererende bates te bepaal

Die bylae is slegs verduidelikend en maak nie deel van die Standaard uit nie. Die doel met die bylae is om die toepassing van die Standaard toe te lig en om te help met die opheldering van die betekenis daarvan.


Die vloiediagram is van toepassing op niekontantgenererende bates nadat 'n evaluering gedoen is om vas te stel of 'n bate 'n niekontantgenererende bate is deur die toepassing van die beginsels in paragraaf .11 tot .16.

Die doel met die vloiediagramme op die volgende bladsy is om die stappe te identifiseer wat 'n entiteit moet volg:

- om te bepaal of 'n niekontantgenererende bate in waarde gedaal het (bylae A1); en
- om die verhaalbare diensbedrag vas te stel wanneer een van die aanduidings van waardedaling geaktiveer is (bylae A2).


Bylae A1

Bepaal of 'n niekontantgenererende bate in waarde gedaal het



Bylae A2

Bepaal die verhaalbare diensbedrag wanneer een van die aanduidings van waardedaling in werking gestel is



Grondslag vir gevolgtrekkings

Hierdie grondslag vir gevolgtrekkings bevat die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) se redes vir die aanvaarding of verwerping van bepaalde oplossings wat met die rekeningkundige verantwoording van waardedaling van niekontantgenererende bates verband hou. Hierdie grondslag vir gevolgtrekkings vergesel die Standaard van AERP oor Waardedaling van Niekontantgenererende Bates (GRAP 21), maar is nie deel daarvan nie.

Inleiding

- BC1. Hierdie Standaard skryf die prosedures voor wat 'n entiteit toepas om te bepaal of 'n niekontantgenererende bate in waarde gedaal het en stel vas hoe die waardedaling erken en gemeet word. Hierdie Standaard berus hoofsaaklik op die International Public Sector Accounting Standard oor *Impairment of Non-cash-generating Assets* (IPSAS 21). By die ontwikkeling van hierdie Standaard het die Raad ook uitsprake oorweeg wat uitgereik is deur ander standaardstellende liggame wat werk met die rekeningkundige verantwoording van waardedaling van bates.
- BC2. Hierdie grondslag vir gevolgtrekkings som die belangrike afwykings van IPSAS 21 op, asook die redes vir sodanige afwykings.

Omvang

Insluiting van eiendom, aanleg en toerusting wat teen herwaardeerde bedrae gedra word

- BC3. Eiendom, aanleg en toerusting wat ooreenkomstig die herwaardasie-model teen herwaardeerde bedrae gedra word, is binne die omvang van die International Accounting Standard oor *Impairment of Assets* (IAS 36).
- BC4. Die omvang van IPSAS 21 sluit egter niekontantgenererende eiendom, aanleg en toerusting uit wat ooreenkomstig die herwaardasie-model in die International Public Sector Accounting Standard oor *Property, Plant and Equipment* (IPSAS 17) teen herwaardeerde bedrae gedra word. Die grondslag vir gevolgtrekkings in IPSAS 21 stel dit dat die IPSASB van die standpunt uitgaan dat bates wat ooreenkomstig die herwaardasie-model in IPSAS 17 teen herwaardeerde bedrae gedra word, met voldoende gereeldheid herwaardeer sal word om te verseker dat hulle gedra word teen 'n bedrag wat nie wesenlik van hul billike waarde op die verslagdoeningsdatum verskil nie. Waardedaling sal derhalwe in daardie waardasie in berekening gebring word.
- BC5. 'n Vergelykbare omvangsuitsluiting vir kontantgenererende eiendom, aanleg en toerusting wat teen herwaardeerde bedrae gedra word, is ingesluit in die International Public Sector Accounting Standard oor *Impairment of Cash-generating Assets* (IPSAS 26). Die IPSASB het tot die gevolgtrekking gekom dat dit beswarend kan wees om 'n vereiste te stel om te toets vir waardedaling bykomend tot die bestaande vereiste in IPSAS 17 wat vereis dat bates met voldoende gereeldheid herwaardeer word om te verseker dat hulle gedra word teen 'n bedrag wat nie wesenlik van hul billike waarde op die

verslagdoeningsdatum verskil nie. Die IPSASB het gevolglik tot die slotsom gekom dat IPSAS 26 met die gevolgtrekking in IPSAS 21 versoenbaar moet wees.

- BC6. In hul redes waarom eiendom, aanleg en toerusting wat teen herwaardeerde bedrae gedra word, uit die omvang van IPSAS 21 en IPSAS 26 uitgesluit moet word, het die IPSASB opgemerk dat die maksimum bedrag van 'n waardedalingsverlies in IAS 36 die vervreemdingskoste is. Dit is veral ter sake in gevalle waar die billike waarde van 'n eiendoms-, aanleg- en toerustingsitem die markwaarde daarvan is. Die IPSASB is van oordeel dat dit in die meeste gevalle nie wesenlik sal wees nie en dat dit, uit 'n praktiese oogpunt, nie nodig is om 'n bate se verhaalbare diensbedrag te meet en om 'n waardedalingsverlies vir die vervreemdingskoste van die bate te erken nie.
- BC7. Die Raad stem egter saam met die omvangsinsluiting van eiendom, aanleg en toerusting wat soos in IAS 36 teen herwaardeerde bedrae gedra word. Die Raad is van oordeel dat dit nie te beswarend sal wees om op elke verslagdoeningsdatum te bepaal of daar 'n aanduiding is dat 'n bate in waarde gedaal het nie, of dat 'n waardedalingsverlies wat in vorige tydperke vir die bate erken is, nie meer bestaan nie.
- BC8. Die Raad is ook van oordeel dat entiteite nie hul bates met “voldoende gereeldheid” sal herwaardeer nie, aangesien die koste van herwaardering van bepaalde openbaresektorbates aanvanklik taamlik hoog kan wees. Die vervreemdingskoste van bepaalde gespesialiseerde bates in die openbare sektor kan derhalwe beduidend wees. Die omvangsuitsluiting vir niekontantgenererende eiendom, aanleg en toerusting wat teen herwaardeerde bedrae gedra word, is gevolglik nie in hierdie Standaard ingesluit nie.

Insluiting van ontasbare bates wat teen herwaardeerde bedrae gedra word

- BC9. Om soortgelyke redes as dié wat aangegee word vir die omvangsuitsluiting van niekontantgenererende eiendom, aanleg en toerusting wat teen herwaardeerde bedrae gedra word, het die IPSASB ook die waardedaling van kontantgenererende ontasbare bates wat teen herwaardeerde bedrae gedra word, uitgesluit. IAS 36 sluit egter die waardedaling van sodanige ontasbare bates by die omvang van die Standaard in.
- BC10. Om soortgelyke redes as dié wat aangegee word in die omvangsinsluiting van niekontantgenererende eiendom, aanleg en toerusting wat teen herwaardeerde bedrae gedra word, stem die Raad saam met die omvangsinsluiting van waardedaling van niekontantgenererende ontasbare bates wat teen herwaardeerde bedrae soos in IAS 36 gedra word. Die omvangsuitsluiting vir die waardedaling van niekontantgenererende ontasbare bates wat teen herwaardeerde bedrae gedra word, is derhalwe nie in hierdie Standaard ingesluit nie.

Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor *Impairment of Non-Cash-Generating Assets* (Februarie 2007)

Die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates* is hoofsaaklik ontleen aan die International Public Sector Accounting Standard oor *Impairment of Non-Cash-Generating Assets* (IPSAS 21). Die belangrikste verskille tussen hierdie Standaard en IPSAS 21 is soos volg:

- Hierdie Standaard maak in sekere gevalle van ander terminologie as IPSAS 21 gebruik. Die beduidendste voorbeeld is die gebruik van die term “netto bates” in hierdie Standaard. Die gelykwaardige term in IPSAS 21 is “net assets/equity”.
- Die omvang van die Standaard van AERP is anders deurdat biologiese bates wat verband hou met landboubedrywighele wat teen billike waarde minus koste om te verkoop gemeet word, uitgesluit is uit die omvang van hierdie Standaard. IPSAS 21 het geen sodanige omvangsuitsluitings nie.
- Niekontantgenererende eiendom, aanleg en toerusting wat teen herwaardeerde bedrae gemeet word en ontasbare bates wat teen herwaardeerde bedrae gemeet word, is nie uit die omvang van hierdie Standaard uitgesluit nie. Bykomende riglyne oor die hantering van waardedalingsverliese vir bates wat teen herwaardeerde bedrae gemeet word, en bykomende openbaarmakings wat op sulke bates betrekking het, is ook in hierdie Standaard ingesluit. Bates wat teen herwaardeerde bedrae gemeet word, is uit IPSAS 21 uitgesluit. Gevolglik is riglyne oor die hantering van waardedalingsverliese wat op sulke bates betrekking het, ook nie in IPSAS 21 ingesluit nie.
- Oorgangsbepalings wat op hierdie Standaard van AERP van toepassing is, word anders hanteer as in IPSAS 21.
- 'n Vloeikaart word as 'n bylae ingesluit om entiteite by te staan met vasstelling of 'n niekontantgenererende bate in waarde gedaal het en om die verhaalbare diensbedrag te bepaal wanneer een van die waardedalingsaanduiders geaktiveer is.
- Die bylaes met verduidelikende voorbeelde van aanduidings van waardedaling en meting van waardedalingsverlies is uit hierdie Standaard geskrap.